# LAERSKOOL MENLOPARK

# GEMSBROKKIES

JAARGANG 1 JUNIE 2022 VOLUME 1



## PRET | LIEFDADIGHEID | YWER







## GROOT GEES!



Ons hoof 'n tronkvoël vir die bloedskenk inisiatief van PretoriaFm.



Die braaispan met meer 'n as 'n halfdosyn eiers op die pan!

Die Grinch en sy dirigente maak reg om die leerlinge te vermaak vir die "Skool met die grootste gees kompetisie"





## Redaksioneel

Met die eksamen in die truspeeltjie kan ons uitsien na 'n lekker wintervakansie.

Ons vier die jaar ons skool se 70ste bestaansjaar en het dit goedgedink om met die kwartaalblad se naam en uitleg hulde te bring aan die 1984 se kwartaalblad.

Die laaste kwartaalblad wat die lig gesien het was in 2010.

Ons kan in die hierdie uitgawe lees oor sportgebeure, kultuurgebeure en leer ook bietjie die onderwysers beter ken.

Tot volgende keer die Gemsbrokkiespan.



Laerskool Menlopark

GEMSBROKKIES

Kwartaalblad van die T.A.O.V., Laerskool Menlopark

Jaargang 1 | November 1984 | Volume 2

**Skoolgronde kry 'n nuwe voorkoms**

**Na een en dertig jaar van bestaan, gaan die Laerskool Menlopark behoorlik 'n nuwe baadjie aantrek. Die rede hiervoor is die entoesiasme en harde werk van die plaaslike tak van die Transvaalse Afrikaanse Ouer-onderwysersvereniging (TAOV). Om dié baadjie te verwesenlik, is daar van professionele kennis gebruik gemaak ten einde die hele voorkoms van die skool te verander.**

MARATHONWENNER

Met reeds vyf Comrades op die kerfstok, het ons "senior" atleet toe die lourierkrans in een van die grootste Suid-Afrikaanse marathons ontvang. GEMSBROKKIES praat natuurlik van mev. Ralie Smit wat op 20 Oktober vanjaar die Voet van Afrika-marathon te Bredasdorp gewen het en skaars tien dae tevore tweede gekom het in die groot Nashua-marathon wat deur die strate van Johannesburg afgehandel is. Die leerlinge, personeel, ouers en sommer almal is baie trots en wens mev. Smit nog baie lourierkranse toe.

## Redaksie

**Redakteurs:**
Johan Roets
Amanda Sterk
Susan Coetzer

**Medewerkers:**
Gr. 7 Mediagroep

# UIT DIE SPORTKANTOOR



**Mnr. Theo van Heese:**

**Sportbestuurder**

**Vertel ons meer oor die rugbytoer wat die seuns in Maart na Grey College gehad het:**
"Goed georganiseer en ongelooflike belewings om aan so 'n toernooi deel te neem.

**Vertel ons meer oor die hokkietoer wat die 1ste seuns en-dogters spanne in Maart gehad het by Oranje Meisieskool in Bloemfontein**: "Goeie voorbereiding vir ons 1ste spanne.

**Wat is ons Top 5 sportsoorte:**
i.Rugby ii.Netbal iii. Krieket iv. Hokkie v. Atletiek


**Watse sport kort meer atlete meneer:**
"Swem"


**Vertel ons meer oor Menlo360:**
"Dit is 'n Sport bevorderings-program, met seuns/dogters om die geleentheid te kry om reg deur die jaar hulle voorkeursport te kan beoefen."






## Mnr. Theo gee ons 'n "birds-eye" view vanaf die nuwe spreiligte.





## Juf. Suzette se dogter Top 12 van Mej. Suid-Afrika!

ONS HOU DUIM VAS!

## Juf. Marni & Mnr. George

Ons eie superpaartjie trou amper!





# KEN JOU HOOF

**Waar kom meneer vandaan?**
Rustenburg

**Hoekom wou meneer n hoof/onderwyser word?**
Meneer wou onderwyser word om sport af te rig, maar toe meneer ouer geword het wou hy 'n hoof wees. Hy wou 'n hoof van 'n baie goeie skool gewees het en nou is hy so gelukkig.

**Wat was meneer se eerste indruk oor Menlo?**
Ken Menlo lank en weet dit is n baie goeie skool, een van beste skole in land. Wat hom die meeste beïndruk het was die kinders met baie goeie maniere. Meneer se die skool wat so bietjie oud is, is vir hom mooi.

**Kan meneer vir ons iets interessant van meneer vertel?**
Getroud en het twee kinders, meneer se oudste kind is n dogter en is 23 jaar oud. 'n Seun wat sy eerste jaar by die Universiteit is. Hou baie van sport en koor. Meneer het rugby, krieket en atletiek op skool gedoen.

**Wat is meneer se gunsteling drankie?**
Koffie

**Wat was meneer se grootste prestasie?**
Baie prestasies in sport op skool. Meneer het 'n rugbyspan afgerig en daardie span het vir Grey College op hulle veld gewen. Krieketspan afgerig en van die spelers in daardie span is ouers by Menlo, die span het nooit 'n wedstryd verloor nie. Grootste is om Menlo se hoof te wees.

**Waarvoor is meneer bang?**
Weerlig

**Wat is meneer se gunsteling plek?**
Bosveld, see (vir vakansie) en ook huis.

**As meneer op eiland was, wat is die 3 dinge wat meneer wou he?**
Gholfbaan, gholfstel en elke dag gholf speel.

**Wat is meneer se droom vir Menlo?**
Skool so bietjie sal groei, maar nie te groot word nie. Die beste akademiese presteerders sal hê, maar die sport en kultuur moet ook goed presteer.



# Ariëlle Kriel (Gr.3) ons volgende Taylor Swift



# Kunsklop



In die verte is n kwassie
Wat 'n prentjie skilder met baie genot
Abstrakte kuns, dit is sy passie
Kleurvol en vrolik, uit n verfpot



Dis nie net prente van bome en blomme,
Dis kunswerke van jou verbeelding se drome,
Vorms en lyne, swaaiend en vry
Jou eie kunswerk, so uniek soos jy!



Geen reg of verkeerd in hierdie spel,
Dis jou verhaal om te vertel
Voel die emosie,
Voel die pret
Abstrakte kuns is n juweel
Wat jy binne in jou het

Klein

Juniorkoor wag vir hul kans om op te tree.



maar





getrein

# Singbokkies

Dubbele Goue Nagtegale sluit die kwartaal af met 'n optrede by die Voortrekkermonument.



# Bokkiebende



Jolandi Cilliers




Mnr. Henry van der Merwe



Mnr. Harley Steyn

**Waar kom jy vandaan?**
**Juf. Jolandi:** Pietersburg
**Mnr. Henry:** Ek is gebore in Ermelo, maar ek het groot geword in Johannesburg.
**Mnr. Harley:** Benoni

**Hoekom wou jy 'n onderwyseres/onderwyser word?**
**Juf. Jolandi:**Dit is lekker om iets te verduidelik vir iemand wat dit nog nie weet nie.
**Mnr. Henry:** Ek het baie met sport te doen gehad en hou baie daarvan om te sien hoe kinders groei en ontwikkel.
**Mnr. Harley:** Onderwys is in ons familie. My ouma en tannies is almal onderwysers. Ek het 'n onderwyser geword om my passie vir sport oor te dra aan my leerlinge en streef daarna om n rolmodel te wees en om elke leerder vir wie hul is as n individu te bevorder en te leer ken. "Every child deserves a champion- an adult who will never give up on them, who understands the power of connection and insists that they become the best they can possibly be."- Rita Pierson

**Wat was jou eerste indruk van Menlo?**
**Juf. Jolandi:**Het by 'n paar skole aansoek gedoen en gebid vir die regte plek en toe kry ek hierdie pos.
**Mnr. Henry:** My eerste indrukke was Menlo is baie georganiseerd, baie skoon en die onderwysers weet wat hulle doen dit. Die tipe kinders in die skool is baie goed. Ek was stomgeslaan oor hoe dit hier werk en is. Ek het nie vir 'n laerskoolonderwyser "geswot" nie en was baie verbaas om te sien hoe dinge hier werk en hanteer word.
**Mnr. Harley:** My eerste indruk van Laerskool Menlopark was dat dit 'n baie professionele skool is, met hoë standaarde. Ek het vinnig agtergekom dat dit wel so is, maar dit was duidelik dat dit net bereik kan word met die "familie"-atmosfeer en omgewing van die skool.

**Iets interessant van jou?**
**Juf. Jolandi:**Ek het drie worshonde en worshonde is ook my gunsteling dier.
**Mnr. Henry:** In my vrye tyd hou ek daarvan om dinge met my hande te doen, ek maak graag houtfigure. As ek enige iets kan bou, is ek baie tevrede. Ek hou daarvan om goed te maak en bou.
**Mnr. Harley:** Ek het nie dadelik onderwys studeer nie. Ek het eers n Hoër Sertifikaat in Sportswetenskap voltooi. Op n ligter noot, ek het eers bottel ophou drink in graad 4


**Voltooi die volgende**
**Grootste Prestasie**:
**Juf. Jolandi:**Wen S.A Gimnastiek
**Mnr. Henry:** My grootste prestasie is toe ek my onderwysgraad gekry het met onderskeiding. Dit is baie spesiaal vir my omdat my pa oorlede is in 2011 en ek het gestreef om hom net trots te maak in alles wat aangepak het in my lewe. Deur my graad met 'n onderskeiding te voltooi en dadelik te kon begin werk het, weet ek my pa sou baie trots gewees het.
**Mnr. Harley:** Die hoofafrigter van Tuks 2 se krieketspan en die Mzansi Hawks o/19 hoofafrigter.

**Ek is bang vir:**
**Juf. Jolandi:**Winkelpoppe asook opgestopde poppe.
**Mnr. Henry:** Toe ek jonger was, was ek baie bang vir die donker. Maar toe ek groter word, het ek 'n vrees gehad om nooit iewers in die lewe te kom nie, m.a.w nie suksesvol te wees nie.
**Mnr. Harley**: Die donker en "Clowns"…

**Gunsteling plek:**
**Juf. Yolandi:**Die bosveld saam met my familie
**Mnr. Henry:** Definitief die Kruger Wildtuin
**Mnr. Harley:** Die see, maar niks is so lekker soos jou eie bed nie.

**As ek op 'n eiland sou wees, wat is die 3 dinge wat ek by my wou hê?**
**Juf. Jolandi:**My drie honde
**Mnr. Henry:** My hond, een van my hobbies (gholfstokke, want ek hou van gholf), 1 van my vriende
**Mnr. Harley**: Ek neem aan water en kos is voorsien, dit sal dan die volgende wees my foon, definitief seep, my spoedbril


**Wat is jou droom vir Menlo?**
**Juf. Jolandi:** Om waardig te bly en Menlo moet soos 'n groot familie wees. Kinders moet bly wees om skool toe te gaan omdat dit lekker hier is.
**Mnr. Henry:** My droom is dat Menlo die beste laerskool in Pretoria sal word en 'n goeie standaard stel, en seker te maak ons hou daarby. En dat ons die beste sal bly!
**Mnr. Harley:** My droom vir Laerskool Menlo is dat ons saam sal groei as n familie en elke leerder sal aanraak op so manier dat dit in ons gemeenskap sal reflekteer.





# Wat beteken netbal vir ons 1ste span dogters





# beloftes maak skuld





*Mnr. Tommie se o/9-rugbyseuns mag sy baard skeer as hulle die liga wen. En toe maak hulle so.*



# padpatrollie meld aan vir diens





**Dankie vir julle onbaatsigtige diens Gr.7's!**

# RAAI WIE IS WIE?


1


2



3


4


5


6


7


8


9


**Antwoorde**
1.Juf Michelle
2.Juf Esmari
3.Mnr George
4.Juf. Karen
5.Juf Chrisna
6.Mnr. Juan
7.Mnr Sybrand
8.Juf. Susan
9.Juf Andrionette



# lagbokkies & slimbokkies

**Juf**: Wat doen seekatte as hulle skrik?
**Rheiner van der Walt**: Hulle spuit ink uit hulle kalamaries uit!





Chloé Marais



Tristan Saaiman



Isabelle Malan



Waldo Crous


**Tristan Saaiman:**
My pa gaan vir my die beste bokskar maak dat ek in die FBI room kan sit!






Eben Wait

**Tim Haasbroek:**
So… Wetenskaplikes het eenkeer op in die lug gegaan en by hulle venster uitgekyk en toe kyk hulle deur die teleskoop en toe sien hulle Mars is eintlik net yster, dis hoekom hy rooi is!



2023

# Bokkieboek van rekords


*DIE REKORDS WAT ALMAL WIL HÊ*







**LANGSTE HARE IN DIE SKOOL**



Paulie Barnett (Gr.7)



Josua de Lange



**KORTSTE EN LANGSTE IN DIE SKOOL**




# Laaste sê

"More sluit die skole, Juffrou is gebore, in 'n blikkie bone, sonder kop of tone." 'n Rympie wat kom uit my kinderjare.  Saam met die nostalgie van die kinderrympie kom daar 'n gevoel van opwinding en dankbaarheid.  Opwinding omdat jy bietjie kan gaan rus, nie so vroeg hoef op te staan nie, in jou huis agter die sonnetjie kan inskuif met 'n lekker boek.

Dankbaarheid vir die eb en vloei van die lewe.  Sonder 'n besige kwartaal is die dankbaarheid vir die rustyd nie so groot nie.  'n Mens moet soms moeg wees, om die hernuwing wat rus bring te kan waardeer, net so met hartseer en bly, honger en versadig, storm en stilte, onvrede en vrede.

Daarom nooi ek jou uit om elke fase waarin jy is te waardeer en te geniet, want jy ken ook die teenoorgestelde.

Mag julle heerlik rus en volgende kwartaal aanpak met die "Onthou van 'n tyd" toe skole stil was en daar nie fees gevier kon word nie.  Mag volgende kwartaal vir jou 'n hoogtepunt wees.  Ons skool is 70 jaar oud en ons vier dit verseker in die derde kwartaal.

Jy besluit hoe gelukkig jy is, deur te besluit hoe dankbaar jy is!

Groete Bokkie